www.aiche.org/ccps

Process Safety Beacon

http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx

**Boodskap aan bedryfspersoneel**

This issue sponsored by ioMosaic www.iomosaic.com

# Bedryfsgereedheid

**Augustus 2015**

Hoe weet jy dat toerusting wat jy in bedryf wil stel gereed is vir gebruik? Byvoorbeeld:


- Roetine inbedryfstel van 'n pomp, soos om oor te skakel van die in-bedryf pomp na die bystand pomp.
- Oorplaas van materiaal na 'n ander tenk of proses houer.
- Inbring van produk in 'n pyplyn wat lank uit bedryf was vir instandhouding.
- Inbedryfstelling van nuwe toerusting na 'n aanlegverandering. (Dit word gewoonlik gedek deur die aanleg se prosedure vir aanlegverandering (engels: MOC) of die voor inbedryfstellingsnagaanlys.)

Daar is waarskynlik baie ander voorbeelde waaraan jy kan dink. Elke keer as jy produk of energie in 'n sisteem bring wat nie in gebruik is nie, is dit belangrik om te verseker dat die toerusting gereed is. Is al die komponente daar en is dit korrek geinstalleer, of kort daar iets? Is al die kleppe wat moet oop wees werklik oop, en die kleppe wat moet toe wees werklik toe? Is alles reg vir gebruik?

## Het jy geweet?



Die ramp op die Piper Alpha Noordsee olieplatform in Julie 1988 het die dood van 165 mense veroorsaak. (Sien boonste foto en ook die Beacons van Julie 2005 en van 2013.) Dit blyk dat een van die bydraende faktore wat die ramp veroorsaak het was die lek van ligte hidrokoolstowwe toe 'n pomp aangeskakel is. 'n Veiligheidsklep op die pomp uitlaat is verwyder vir instandhouding en 'n blindeflens is tydelik geinstalleer in sy plek, maar die boute is net liggies vasgemaak. Die deel van die pypwerk was nie maklik sigbaar as jy by die pomp staan nie.




Een maatskappy het onlangs gerapporteer (Forest, J.J., Process Safety Progress 34 (2), June 2015, 126-129) dat byna helfte van die lekke in hulle aanlegte te doen het met bedryfsfoute. (Sien Beacon van Junie 2015) Meeste hiervan was die gevolg van probleme met die opstel en nagaan van prosestoerusting voordat produk of energie ingebring word. Sommige gemeenskaplike faktore:

- Bestuur het nie vasgelê wat die vereistes is nie.
- Nagaan van toerusting nie altyd ingesluit in operateursopleiding nie.
- Swak dissipline en eenvormige formaat vir bedryfsprosedures en skof-oorgee kommunikasie.
- Standaard bedryfsprosedures word nie gevolg nie.

## Wat kan jy doen?

- As jy die status van toerusting verander (oop, toe, aan, stop, vermeerder, verminder, ens.) moet jy weet waar produk en energie vandaan kom, waar dit heen kan gaan, en hoe dit gaan verander as jy toerusting status verander.
- Gaan die toerusting na buite in die aanleg voordat jy die status verander. Maak seker alle komponente is behoorlik geinstalleer en alles is in die regte posisie. (Oop, toe, aan, af, ens.)
- Wees veral versigtig waaneer jy toerusting inbedryf stel waar instandhouding gedoen is, of waar dit uitmekaar gehaal is. Maak seker dit is behoorlik inmekaar gesit, dat alle tydelike isolasies soos blinde flense uitgehaal is, en dat kleppe reg gestel is.
- Stel vir jouself 'n persoonlike doelwit van zero opstelfoute en "loop die pyp" foute in jou werk.. Moedig jou kollegas aan om dieselfde te doen!

***"Volg die pype!"***

***- Johnny Cash***

©AIChE 2015. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.